


21 Movies



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Rebel without a Cause

Lukas 23:33-34

Twee rebelle ... en die volk moet een kies. Barabbas is in die tronk vir moord en opstand. Waarskynlik was hy 'n Seloot - lid van 'n rebelle groep wat in opstand was teen die Romeinse regering. Hy wou Israel verlos, aangevuur deur haat vir die Romeine. Hierteenoor was Jesus se "rebelsheid" aangevuur deur intense liefde vir gebroke mense. Sy rebelsheid het opgebou en heelgemaak.

Wanneer Jim in Rebel Without a Cause besope by die polisiestatie sit, word sy rebelsheid aangevuur deur gevoelens van weersin in sy ouers en die gevoel dat hy nie in pas nie. Later kry Jim 'n nuwe rede tot rebellie: Hy wil sy vriend, Plato, help. Hy leer dat ons tevergeefs gaan wag dat mense ons moet liefhê. Ons moet eerder "liefdes-rebelle" word wat self liefde uitdeel!

*Lees die teks stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.*

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

*Wees 'n rebel!
Maak net seker dat jy deur liefde aangevuur word.
(Bybel 24/7)*